Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT AND EXAMINATIONS DIRECTORATE
Bundy Park, Private Bag 4571, King William's Town, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2015 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

PAPER	**3**

DATE OF EXAMINATION:		**DURATION:**	**2½ HOURS**

This section of the instrument is aimed at providing valuable feedback to schools, subject advisors, teachers and learners about common errors committed by candidates in the answering of questions, to assist teachers and subject advisors to identify are
as that need to be given special attention in the teaching and learning of the subject in 2016.

Your responses will be based on two parts:

Section 1: General overview of Learner performance in the question paper as a whole

Section 2: Comment on candidates' performance on individual questions (Detailed explanations must be provided **per question** as follows: (You may include sub questions where necessary)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
(b) Why the question was poorly answered?
(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development

SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

AFDELING A
Hierdie was absoluut ‘n leerder-vriendelike vraestel, wat vir elke leeder se smaak en voorkeure voorsienig gemaak het. Alhoewel die vraestel ‘n besonders leerdervriendelike vraestel is, is die gehalte van ‘n Eerste Addisionele Taal matriekvraestel glad nie ingeboet nie. Daar is definitief ‘n verbetering in die kwaliteit van die skryfstukke vir hierdie eksamen. Redes hiervoor kan moontlik die aard van die onderwerpe wees. Daar was meer onderwerpe wat ook by seuns aanklank kon vind. Elke Suid- Afrikaanse matrikulant kon ‘n onderwerp vind waarmee hy/ sy hom/haarself kan identifiseer en dit het gelei tot opstelle wat uit die leefwêreld van die kandidaat geskryf is. Die onderwerpe verleen homself tot baie kreatiewe antwoorde (opstelle). Die onderwerpe was kort en kragtig gestel, wat dan die kanse vir misinterpretasie uitgeskakel het. Die onderwerpe was ook geskik vir leerders wat baie taalvaardig, asook leerders wat nie baie taalvaardig is nie. Kandidate (die leerders) kon van enige benadering gebruik gemaak het: Verhalend, Beskryfwend, Beredenerend, Argumenterend, Bespiegelend. Meeste kandidate (seuns en dogters) het die onderwerp: **Ek was daar (1.2)** gekies, wat dan vir ‘n lekkerlees storie gesorg het. Self seuns het dit gekies en die onderwerpe het dan gestrek van die geboorte van ‘n boetie/ sussie tot die dood van ‘n ouer. **1.4 Maak swaarkry ‘n mens sterker? Ja of nee?** Was’n ewe gewilde tema, wat in detail en uit ervaring deur baie leerders geskryf is. Dit bevestig die indruk dat meeste Suid-Afrikaanse kinders met swaarkry bekend is. Leerders kon ook onderhoudend skryf oor **1.1: wees versigtig waarvoor jy wens**. ‘n Absolute gunsteling was die prentjie van die plaas en windpomp (1.6.3). Dit was ‘n riem onder die hart om te lees hoe trots Suid-Afrikaners op hulle land is en eweneens hoe bekommerd hulle oor die water- en stropingsprobleme is. Veral die seun kon lekkerleesstories oor die plaas en windpomp skryf. Kandidate het ook 1.6.1 gekies en baie het vanuit hulle kontekste oor die ouer generasie in hulle families geskryf. Interessante vergelyking is tussen die jonger

geslag van vandag en die ouer geslag van toeka se tyd geskryf. Ons kan glo baie leer by die ou mensies.
Die prentjie van die maskers (1.6.1) was ‘n minder gewilde keuse. Leerders wat dit wel gekies het, het op die emosie (glimlaggie en hartseer uitdrukking) gefokus en baie min of geen kandidate het oor kuns en kultuur of maskerballe geskryf.
Kandidate het oor die algemeen beslis meer begrip getoon as wat verwag is en geen of baie min onderwerpe is misgetas.

AFDELING B

Hierdie Afdeling het ook vir ‘n wye verskeidenheid gesorg. Alhoewel dit op die oog af na ‘n maklike, leerder-vriendelike afdeling lyk, het baie leerders hier erg klei getrap.
Verbasend genoeg het meeste kandidate die formele brief gekies.
Die huldeblyk was die tweede gewildste keuse wat oor die algemeen goed deur die leerders beantwoord is en die toespraak blyk om die derde gewildste te wees.
Baie min leerders het die notule gekies en die wat dit wel gedoen het, het sommer die hele agenda afgeskryf.

AFDELING C

Die korter tekste is baie gewild by die leerders. Hier is dit gewoonlik maklik vir leerders om goeie punte te kry omdat dit ‘n korter skryfstuk is en minder foute word dus gemaak. Die meeste leerders het die aanwysing gekies en hulle redelik goed van hul taak gekwyt. Kandidate het ook graag die dagboekinskrywings gekies en kon dit redelik goed beantwoord. Kandidate het tot ‘n mindere mate die uitnodiging gekies en dit uitstekend beantwoord.
Meeste kandidate kon by hierdie afdeling maksimum punte behaal.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

AFDELING A: VRAAG 1.1 – 1.6

Hierdie afdeling is oor die algemeen baie goed deur die leerders beantwoord, veral diegene wat die taal kon besig, maar daar is leerders wat gemiddeld tot swak gevaar het.

Die rubriek maak voorsiening vir verskeie interpretasies vanuit die oogpunt van die leerders en leerders kon baie goeie punte hier verdien, afhangend van die inhoud, taal en struktuur van hulle skryfstukke

Die swakker kandidaat het 'n gebrek aan volwassenheid by hulle skryfstukke getoon en het nie juis in diepte oor die onderwerp geskryf nie. Mens sou verwag dat die kandidate oor gebeurtenisse van wereldbelang sou skryf en sommige het, maar die swakker kind het oor alledaagse gebeurtenisse geskryf.

VRAAG 1.1 Wees versigtig waarvoor jy wens.

Hierdie onderwerp het by heelwat kandidate aanklank gevind. Hulle kon dit goed beantwoord want hulle kon daarmee identifiseer. Daar was weinig gevalle waar misinterpretasie gevind is, want die memo het hom daartoe geleen dat leerders op enige deel van die titel kon fokus, maar tog by die nagevolge van 'n wens uitkom.

VRAAG 1.2 Ek was daar.

Hierdie onderwerp was loshande die gewildste. Seuns het baie oor internasionale sportgebeurtenisse geskryf. Lekker verhalende en beskrywende opstelle was hier gegee. Ons het ook 'n kykie in die leefwêreld van die kandidaat gekry waar soms baie traumatiese gebeurtenisse in hulle lewens beskryf is.

Nasieners kon duidelik sien dat die kandidate die onderwerp goed verstaan het.

VRAAG 1.3 As ek saans my kamerdeur toemaak.

Meeste kandidate kon die onderwerp goed beantwoord, maar sommige het effens afgewyk van die onderwerp as 'n geheel. Kandidate het die woord "saans" , wat 'n elke aand se gebeurtenis impliseer, uit die oog verloor en net gefokus op wat een aand gebeur het, toe hulle hulle deure toegemaak het. Daar is egter wonderlike

bespiegelende opstelle hieroor geskryf. Die memorandum maak voorsiening vir die kandidate wat die vraag uit ‘n ander oogpunt benader.

VRAAG 1.4 Maak swaarkry ‘n mens sterker of nie.

Heelwat kandidate het hierdie vraag gekies en kon onderhoudend oor die onderwerp gesels. Hulle kon ook goed redeneer oor waarom swaarkry ‘n mens sterker maak, al dan nie. Heelwat wyshede is kwytgeraak en meeste kandidate het tot die slotsom gekom dat swaarkry wel ‘n mens sterker maak. .Geen mistasting het hier plaasgevind nie.

VRAAG 1.5 Ek mag sê wat ek dink

Hierdie was ‘n minder gewilde onderwerp. Die kandidate wat dit wel gekies het, was die wat nie juis ‘n goeie Afrikaanse Woordeskat gehad het nie en wat nie die taal goed kon besig nie.

VRAAG 1.6.1 – 1.6.3 Visuele tekste

Heelwat leerders het die prentjie van die ou mense/ plaas gekies. Interessante stories is rondom die prentjies geweef en leerders kon hulself met die prentjies uitleef. Die prentjie van die maskers was minder gewild.

AFDELING B:

VRAAG 2.1 FORMELE BRIEF

Meeste kandidate het die formele brief gekies, maar dit was nie goed beantwoord nie. Leerders het glad nie gehou by die formele toon en register van die brief nie. Dit blyk ook dat sommige leerders nie die formaat van die formele brief verstaan nie. Selfs foute in die adresse het voorgekom. Leerders hou ook nie by die instruksies van die vraag nie- daar word soms ander dinge as geld gevra. Leerders skryf ook lang inleiende paragrawe by die formele brief.

VRAAG 2.2 HULDEBLYK

Kandidate het hier redelik goed gevaar. Dit blyk dat hulle ‘n huldeblyk goed verstaan. ‘n Effense misinterpretasie van die buurman- sommige leerders het die huldeblyk oor ‘n vrou gedoen-afgelei van die engelse betekenis van “neighbour”. Enkele leerders het ‘n doodsberig in plaas van ‘n huldeblyk gedoen. Enkele leerders het ook nie by die simpatieke toon gehou nie.

VRAAG 2.3 NOTULE

Hierdie vraag was baie ongewild en bitter min kandidate het gepoog om dit te doen. Weereens is die objektiewe, kort en saaklike toon nie handhaaf nie. Dit moet by leerders ingeskerp word.

VRAAG 2.4 FORMELE TOESPRAAK

Leerders het redelik goed tot gemiddeld in hierdie vraag gevaar. Weereens is die formele toon en register nie gehandhaaf nie. Leerders het ook uit die oog verloor dat dit ‘n oueraand is en die gehoor met “Goeie môre…” gegroet.

AFDELING C

VRAAG 3.1 AANWYSINGS

Meeste kandidate het uitstekend tot gemiddeld gevaar, veral die wat rigting kon lees. Hulle kon maklik volpunte hier kry. Diegene wat nie goed gevaar het nie, kon nie links van regs onderskei nie. Sommige het nie altyd die pyltjie gevolg nie en kon dus nie volpunte kry nie. Heelwat leerders weet ook nie hoe om instruksies te gee nie, dus het hulle daar ook punte verloor. Die woordeskat was ook ‘n probleem, sommige leerders het slegs die straatname en bakens met Engelse woorde tussenin saamgeflans.

VRAAG 3.2 UITNODIGING

Kandidate kon hier ook goed vaar. Meeste leerders het punte verloor omdat hulle nie al die informasie verskaf het nie of dit ‘n middagete in plaas van ‘n ontbyt gemaak het. Oor die algemeen is die uitnodiging goed beantwoord deur diegene wat dit kon kies. Selfs die swakker kandidaat kon ook hier ‘n gemiddelde punt kry as hy/sy die basiese van die uitnodiging gedoen het.

VRAAG 3.3 DAGBOEKINSKRYWING

Hierdie vraag was ook deur baie kandidate gekies en weereens kon kandidate uitstekend tot gemiddeld hier vaar. Sommige leerders het slegs een inskywing gedoen en het dus so punte verloor. Ander het weer te veel op die aktiwiteite rondom die matriekafskeid gefokus en min op die emosies wat daarmee gepaard gaan. Diegene wat regtig swak gedoen het, het die woord matriekafskeid verwar met die laaste dag van die matrikulante se skoolloopbaan of die dag van die matriekuitslae.

(a) **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions**.

AFDELING A: vraag 1.1 – 1.6

Leerders lees nie die vrae korrek nie en gee nie aandag aan detail nie. Dus was die woordjie “saans” 1.3 uit die oog verloor.

Die visuele prikkels is die enigste gedeelte van Afdeling A waar daar soms misgetas is.

Kandidate skryf verhale wat nie baie verbeeldingryk is nie, alhoewel hulle enige verhaal/beskrywing/ argument kon skets wat betrekking op die prikkel het.
Leerders tref nie altyd 'n verband tussen nie inhoud van die skryfstuk en die prentjie nie. Daar moet 'n verband tussen die inhoud en prentjie wees vir die leerder om 'n voldoende of meer punt te kry.
Die taalvermoëns was natuurlik die grootste struikelblok. Daar is leerders wat geheel en al nie oor die woordeskat en taalvaardigheid beskik om een korrekte sin in Afrikaans saam te flans nie. Dis hierdie kandidate wat dan die vrae/woorde/sinne uit die vraestel saamflans of sommer net in Engels die opstel aanbied.
Swakker kandidate is ook geneig om verward te raak met tye en wissel dan hulle gedagtes tussen die teenwoordige en verlede tyd.

(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- Die rubriek vir kreatiewe skryfwerk moet met die kinders gedeel word en aan hulle verduidelik wod. Onderwysers moet seker maak dat die kandidaat presies weet waarop hy/sy geassesseer gaan word.
- Doen baie meer stelwerk aktiwiteite as enige ander vraestel- dit is per slot van sake tog hulle grootste vraestel. Die **Handleiding vir Afrikaanse Skryfkuns** moet ook gereeld gebruik word sodat die leerders presies weet wat die vereistes vir elke stelstuk is.
- Onderwysers kan aktiwiteite in die klas doen wat leerders se woordeskat verryk.
- 'n Tematise benadering kan vir alle aktiwiteite gevolg word, wat goeie woordeskat by die leerders sal inskerp. Woordeskatlyste vir letterkunde sal ook help om Afrikaanse Woordeskat op te bou.
- Kandidate moet ook geleer word dat hulle op matriekvlak nie oor alledaagse gebeurtenisse skryf nie, die skryfstuk moet van diepte en volwassenheid getuig.
- Kandidate moet ook geleer word om binne die voorgeskrewe woordtelling te hou, veral die sterker kandidate en om dit dan akkuraat aan te dui.
- Onderwysers moet leerders ontmoedig om vooraf voorbereide opstelle onder 'n onderwerp in te forseer. Dit is gewoonlik die sterker kandidaat wat voor die versoeking swig en dit is gewoonlik tot hulle nadeel.
- Die kenmerke van die formele stelstukke moet absoluut by die leerders ingeskerp

word.

- Elementere aspekte soos ‘n adres word steed deur heelwat leerders nie reg in Afrikaans geskryf nie.
- A-kandidate moet geleer word om nie “Meneer” hehaaldelik in die formele brief te gebruik nie.
- Woordorde is ‘n vaardigheid wat deur menige kandidaat nie onder die knie gekry is nie.
- Die uitvoer van instruksies, leerders moet geleer word om na die fyner detail van die vrae te kyk en alle aspekte van die vrae beantwoord – dit is waar die kandidaat die meeste punte gaan verdien.
- Die titel en vraagnommer moet elke keer bo-aan die finale skryfstuk geskryf word – dit maak die nasien net makliker.
- Leerders moet geleer word hoe om instruksies / aanwysings te skryf.
- Daar moet ook klem gelê word op die gedagtes/emosies van ‘n dagboekinskrywing.
- Leerders moet tydens formele assesserings in die klas op dieselfde basis as in die eksamen behandel word- geen woordeboeke moet toegelaat word nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

- Leerders lees nie instruksies nie.
- Hulle onderskei ook nie tussen beplanning en finale skryfstuk nie en skryf soms albei in pen. Die eerste een sal dan gemerk word.
- Leerders moet duidelik aandui wat die Finale Skryfstuk is.
- Die aantal woorde word soms nie aangedui nie of onakkuraat aangedui.
- Sommige leerders se maak gebruik van lang, lomp sinne, sonder enige leestekens.
- Paragrafering het ook by sommige sentrums as ‘n probleem voorgekom
- Woordkeuses soos kleure i.p.v. klere, help i.p.v. hulp, verkoop i.p.v. koop, van i.p.v. want, dat i.p.v. wat, af i.p.v. as, lyf i.p.v. lewe, ens.
- Verkeerde gebruik van die voornaamwoord, veral hy i.p.v. sy en hom/haar

- Leerders skryf lang inleidende paragrawe by die brief, huldeblyk en die toespraak. Hulle mag maar by hierdie skryfstukke met die deur in die huis val.
- Die toon en register by die formele brief en toespraak moet formeel wees en by die huldeblyk kan dit formeel of informeel wees, afhangend van die kultuurkonteks.
- Die woord 'kinderhuis' is ook deur sekere kandidate misverstaan- kandidate blyk meer bekend te wees met die woord 'weeshuis'.
- Die woord "insameling" was ook deur baie leerders misverstaan.
- Leerders het ook die woord "matriekafskeid" misgetas.
- Leerders wat die uitnodiging gekies het, het nie 'n datum aangedui waarop daar geantwoord moet word nie
- Sekere kandidate het ook hulle antwoorde uit die vraestel saamgeflans. Daar word geen punte toegeken indien 'n leerder uit die vraestel afskryf nie.

(e) **Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Onderwysers moet die eksamenriglyne vir die opstel van vraestelle met hulle leerders behandel, sodat leerders presies weet watter tipe stelwerkstukke gevra gaan word. Dit moet dan deurgaans deeglik ingeoefen word.
- Vakadviseurs moet werkswinkels in die eerste kwartaal reël om terugvoering oor die merkproses te verskaf.

ELIZABETH GALLANT _____ **11 Des. 2015**

NAME OF THE CHIEF MARKER: **SIGNATURE** **DATE**